

24 November

Skrifgedeelte: Jesaja 15-16

Fokusgedeelte: Jesaja 16:1-5

God se oordeel kan heeltemal vernietig

Baie van die profetiese boeke bevat gedeeltes wat oor die nasies buite Israel handel. Soms verkondig sulke gedeeltes heil aan dié nasies, soos in die dagstukkies van 16 November aangedui word. Dit gebeur egter meermale dat gedeeltes wat oor die nasies handel, oordeel oor hulle aankondig. Dit skep soms by 'n mens vrag. Hoekom kom die nasies onder die oordeel? Is die verlossing in Christus nie ook vir hulle bedoel nie? Sulke vrag kom ook by 'n mens op wanneer jy die uitspraak oor Moab in Jesaja 15 en 16 lees. Die gedeelte verwys na 'n verskriklike ramp wat Moab getref het. Moab is heeltemal verwoes. Die inwoners van Moab het na Edom in die suide gevlug. Hulle het selfs by Juda hulp soek. Dit is nogal vreemd, omdat die Moabiete dikwels Juda se vyande was. Dit lyk egter nie asof hulle êrens hulp gekry het nie. Die profeet sê dat Moab binne drie jaar so vernietig sal wees, dat net 'n paar mense sal oorbly. Dit lyk nie of daar enigsins sprake van genade is nie. 'n Mens moet onthou dat die Ou Testament op Israel fokus, juis omdat God deur Israel gewerk het. Daarom het die vyande van Israel onder die oordeel gekom wanneer dit nodig was vir die voortgang van God se koninkryk. God se oordeel is 'n werklikheid waarmee almal wat teen Hom in opstand is, rekening moet hou. Na die koms van Christus moet die heil aan alle mense verkondig word – maar diegene wat die boodskap verwerp, kan nie op verlossing hoop nie.

Sing: Psalm 36:1,3

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)